# SARS SE REAKSIE OP GESLAGGEBASEERDE GEWELD EN GEWELD OOR DIE ALGEMEEN

In reaksie op die huidige stand van geweld in ons land, het SARS kommissaris Kieswetter hierdie nota aan sy personeel uitgestuur.

Liewe kollegas,

**PRETORIA, Vrydag 13 September 2019** - Ek skryf aan julle as 'n seun, 'n broer, 'n eggenoot, 'n pa en 'n oupa. Ek skryf met groot hartseer - hartseer vir ons geliefdes, hartseer vir alle vroue, mammas, susters, tantes en jong meisies in ons patriargale samelewing.

Ek skryf met 'n sin van skaamte - skaamte dat ons as 'n samelewing nie versekering aan ons jong kinders kan gee dat ons behoorlik na hulle sal omsien nie. Skaamte dat, deur net 'n vrou of kind in ons land te wees, is risiko vir geweld en mishandeling. Skaamte dat ons nie kan verhoed dat onskuldige jong kinders in puttoilette val en so 'n wrede dood sterf nie, die geleentheid van 'n vreugdevolle lewe ontneem word.

Ons is 'n samelewing in oorlog teen onsself. Om dit te ontken is om aandadig daaraan en deel van die probleem te wees. Om stil te bly lewer ons onbeholpe, onwillig en nie in staat om hierdie onverskoonbare karakter van Suid-Afrika op te los nie. Ons baklei nie vir mekaar nie, ons baklei met mekaar. Meer as 300 jaar van onderdrukking en ontburgering het ons in 'n "ons teen hulle" samelewing verander. Ons moet dit verleer en leer wat dit beteken om Suid-Afrikaans te wees.

Ons verwys gerieflik na die aanval op vroue as geslaggebaseerde geweld. Dit is te vaag, te eufemisties en te eenvoudig. Ons moet dit noem wat dit werklik is. Dit is die veragtelike en betreurenswaardige geweldadige aanvalle deur mans op vroue, meisies en babas. Dit is meer toepaslik na verwys as manlik-bedryfde geweld.

Vroue behoort nie hulself teen mans hoef te beskerm nie. Hulle behoort veilig en beskermd te voel by ons as mans. Hulle het die reg om veilig te voel. Twee nagte gelede, is een van ons kollegas se dogter, 'n 26 jarige vrou, op pad van haar werk af huis toe, geweldadig aangeval deur 'n lafhartige man wat op 'n weerlose vrou toegeslaan het. Soos ander monsters, loop hy steeds vry en gereed om sy afgryslike daad te herhaal, terwyl sy die ontsaglike trauma moet verwerk en die risiko van permanente skade aan haar hand en selfbeeld.

Hoeveel meer vroue, jong meisies en jong kinders moet met hierdie konstante vrees om aangeval en geskend te word saamleef?

Die onlangse aanval op mede-Afrikane word gerieflik na verwys as xenofobie. Maar dit is soveel meer as dit; dit is onmenslike en ongebaseerde kriminele optrede. Dit sê meer oor

ons as 'n samelewing as wat dit oor ons broers en susters sê wat aangeval word. Natuurlik, onderliggend tot hierdie onverdedigbare gedrag, is die feit dat baie van ons eie steeds ellendige armoede en werkloosheid ondervind te midde van toenemende ongelykheid.

Hierdie hardnekkige oorblyfsels van die onderdrukkende Apartheidstelsel is opsigself kriminele optrede teen ons eie mense. Solank die materiële omstandighede van mede-Suid-Afrikaners onveranderd bly en hulle nie deel in die voordele van demokrasie nie, kan ons nie veilig voel nie. Hierdie ongeregtigheid, wat steeds hoofsaaklik deur swart mense gedra word, veral vroue en kinders, bly 'n bedreiging teen geregtigheid vir ons almal. Gemeenskappe agter hekke en hoë mure skep 'n valse gevoel van veiligheid, en is onvolhoudbaar. Die woede en ongeduld na 26 jaar van demokrasie is verstaanbaar, dit is werklik 'n aanklagte op almal van ons.

Die nuutste verslag oor misdaad, toon 'n toename in geweldadige misdaad en seksuele oortredings. Dit stel voor, soos baie kommentators reeds opgemerk het, dat ons 'n land is in oorlog teen ditself.

Ek skryf ook as die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. In my eerste brief op 1 Mei 2019, het ek my toegewy tot, onder andere, "om sonder ophou te werk om enige vorm van misbruik, insluitend rasisme en seksisme, uit te roei" en het ek julle uitgenooi om onsself en mekaar verantwoordelik te hou om "mede-kollegas te respekteer, hulle te behandel soos jy behandel wil word; om 'n aktivis te wees teen geslaggebaseerde en ander vorms van misbruik" en "om die rasse, kulturele, godsdienstige, seksuele oriëntering en ander aspekte van ons ryk diversiteit te omhels".

Ek vra nou dat ons drasties ons interne gesprek verder neem om bewusmaking te verskerp en die verlangde gedrag te vorm wat hierdie vorme van geweld, wat ons karakteriseer, sal teenstaan.

As 'n organisasie, is SARS 'n mikrokosmos van ons gemeenskap. Die kritiek oor ons gemeenskappe is daarom kritiek oor onsself. Ons moet onsself konfronteer met die harde vraag van of ons bydra tot of veg teen die geweld wat ons sien in die gemeenskap. In hierdie verband, wil ek graag 'n proses inisieer van self-besinning oor ons eie waardes, beleide en praktyke. Ons moet ook ons pogings verskerp om beide die vlak van geweld, veral teen vroue, te verstaan, en die gedrag weerspieël wat ons van ander verwag.

As bepaalde aksies, stel ek die volgende voor:
1. Ons kies 'n dag volgende week wanneer ons ons kantore 'n uur later oopmaak om ons vroue die geleentheid te gun om deel te wees van 'n bewustheidsaangeleentheid per kantoor- of hoofkantoorligging;
2. Vanaf volgende week, regoor SARS, gebruik een middagete per week, vir die volgende twee maande, om gesprekke te hê oor die misbruik deur mans op vroue - vroue sal hierdie sessies lei en aan ons voorstel watter konkrete stappe om te neem om die lot vir vroue op volhoubare basis te verander;
3. Ons sal 'n hersiening van huidige organisasie-praktyke begin wat uitdruklik en onuitgesproke teen vroue diskrimineer en/of misbruik aanmoedig, en ook ons beleid oor seksuele teistering te opdateer. Ek het 'n tydlyn opgestel met 'n bepaalde plan van aksie wat

'n stap-verandering aanbring in ons organisasie se waardes, kultuur en praktyke;
4. Ek het 'n toegewyde kapasiteit saamgestel om huidige gevalle van seksuele teistering, insluitend alle vorme van boeliegedrag en viktimisering, te hanteer;
5. Ek het opdrag gegee aan Wellness om 'n allesomvattende telefoondiens te skep vir slagoffers van misbruik;
6. Elke afdeling moet 'n opgeleide individu hê wat slagoffers van misbruik by te staan en te vertroos;
7. Ek het 'n versoek aan die Kommunikasie-afdeling gerig om 'n vertroulike platform te skep wat ondersteuning en materiaal bied oor vrouemisbruik en -bemagtiging; en
8. Ek het 'n senior verteenwoordiger aangestel om my kantoor by te staan en beskikbaar te wees aan enigeen wat wil aandag trek na of bepaalde gevalle van seksuele mishandeling en teistering wil rapporteer.
9. Bepaalde besonderhede vir items 7 en 8 hierbo sal deur die verloop van die week gekommunikeer word.

Ek pleit by al ons manlike kollegas om op te staan en te help om 'n omgewing te skep waarin ons vroue veilig voel. As mans moet ons dit uitlig.

GENOEG IS GENOEG

Edward Kieswetter
SARS Kommissaris